**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Appèl Nr. : 397/2002

In die appèl tussen:

| | |
|---|---|
| **JUSTICE DOTYENE** | Appellante |
| en | |
| **DIE STAAT** | Respondent |

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | CILLIé R *et* VAN DER MERWE R |
| **AANGEHOOR OP:** | 13 DESEMBER 2004 |
| **UITSPRAAK:** | CILLIé R |
| **GELEWER OP:** | 17 DESEMBER 2004 |

---

[1] Die appellant in hierdie aangeleentheid het as beskuldigde 4 saam met 10 ander beskuldigdes tereggestaan op 17 klagtes, die volle omvang waarvan nie nodig is om hier uiteen te sit nie. Hy is uiteindelik skuldig bevind aan 12 van daardie klagtes, die aard waarvan as volg is:

| | |
|---|---|
| Klagtes 2 – 5: | Onwettige besit van 4 AK47 aanvalsgewere. |
| Aanklag 6: | Onwettige besit van 119 rondtes 7.62 ammunisie vir die AK47 soos vermeld in aanklagte 2 – 5. |

Aanklag 7: Onwettige besit van 'n R5 aanvalsgeweer.

| | |
|---|---|
| Aanklag 8: | Onwettige besit van 35 rondtes 5.56 ammunisie vir die R5 aanvalsgeweer gemeld in aanklag 7. |
| Aanklag 9: | Onwettige besit van 'n 9mm Norinco pistool. |
| Aanklag 10: | Onwettige besit van 16 rondtes 9mm ammunisie vir die 9mm Norinco pistool gemeld in aanklag 9. |
| Aanklag 11: | Onwettige besit van 'n .38 Rossi rewolwer. |
| Aanklag 12: | Onwettige besit van 5 rondtes .38 ammunisie vir die .38 Rossi rewolwer gemeld in aanklag 11. |

Hy is hierop as volg gevonnis:

Aanklagte 2, 3, 4, 5 en 7 : 5 Jaar gevangenisstraf op elke aanklag.

Aanklagte 6 en 8: 5 Jaar gevangenisstraf saamgeneem vir doeleindes van vonnis.
Aanklagte 9 en 11: 1 Jaar gevangenisstraf op elke aanklag.
Aanklagte 10 en 12: 1 Jaar gevangenisstraf saamgeneem vir doeleindes van vonnis.

Dit is egter gelas dat die vonnisse so uitgedien kan word dat die appellant effektief 12 jaar gevangenisstraf moet uitdien. Die appellant se appèl is teen sy skuldigbevindings sowel as die opgelegde vonnisse gerig.

[2] Die feite waaruit die appellant se skuldigbevindings spruit, is betreklik eenvoudig. As gevolg van inligting dat 'n geldafleweringsvoertuig van 'n mynmaatskappy beroof gaan word, het die polisie 'n wit Toyota Venture en 'n blou Hi-Ace bussie vanaf 25 Februarie 1998 onder observasie gehou. Daar is opgemerk dat hierdie voertuie deurgaans saam beweeg. Die volgende dag het 'n wit Toyota Hilux bakkie by die voormelde ander twee voertuie aangesluit. Die voertuie

het op verskeie plekke in die Welkom omgewing rond beweeg. Op 'n stadium het dit naby die Nr. 9 skag van Welkom Holdingsmyn stilgehou. Daar is toe opgemerk dat 10 mans met plastiese drasakke uit die voertuie klim en daar vertoef. 'n Tydjie later het die voertuie teruggekeer en het die persone weer almal in die voertuie geklim. Kort daarna het die polisie toegeslaan op hierdie voertuie. In die blou minibus is 'n hele aantal persone, waaronder die appellant, arresteer. Die insittendes van die Toyota Venture het ontvlug. Insittendes van die Hilux bakkie het ook ontvlug, maar sommige van hulle is arresteer. Een van die voortvlugtendes uit die Hilux bakkie het met 'n vuurwapen weggehardloop, maar dit neergegooi. Dit het later geblyk 'n R5 aanvalsgeweer met 35 rondtes ammunisie daarin te wees. Die bakkie is deursoek en agter die sitplek daarvan is plastiese sakke gevind bevattende 4 AK47 gewere, 'n 9mm Norinco pistool, 'n .38 Special rewolwer asook ammunisie vir al hierdie wapens.

[3] Die appellant se vingerafdrukke is op die voormelde 9mm

Norinco pistool gevind asook op die Toyota Venture voertuig. Die posisie van die drie voertuie toe die polisie toegeslaan het, was as volg:

Die wit Hilux bakkie en die Toyota Venture was ± 50 meter van mekaar en die Hi-Ace bussie 750 meter verder. Die toneel blyk uit foto's wat as bewysstukke ingehandig was.

[4] Die appellant het in sy eie verdediging getuig hoe hy meen sy vingerafdrukke op die Norinco pistool asook die Toyota Venture voertuig kon gekom het. Daardie verduideliking is so klaarblyklik vergesog en vals dat dit nie ernstige oorweging of selfs uiteensetting daarvan verdien nie.

[5] Me. Bezuidenhout, namens die appellant, het egter met 'n beroep op die uitsprake in **S v NKOSI** 1998 (1) SASV 284 (W), **S v SOTSU AND ANOTHER** 2001 (1) SASV 428 (TK), **S v KHAMBULE** 2001 (1) SASV 501 (HHA) en veral **S v MBULI** 2003 (1) SASV 97 (HHA) betoog dat die appellant se besit van al hierdie vuurwapens nie bewese is nie. Sy voer aan dat selfs aanvaarding van die feit dat appellant die Norinco pistool besit het, nie inhou dat hy ook die ander vuurwapens besit het nie.

[6] Die beginsel uiteengesit in die **NKOSI** en **MBULI** beslissings

*supra* vermeld, is dat bewys dat meerdere persone deel is van 'n gemeenskaplike opset om te roof, nie sondermeer inhou dat al die deelnemers besit het van al die vuurwapens, wat in die rooftog gebruik word nie. Bewys van 'n bedoeling tot gesamentlike besit van die vuurwapens, is nodig. Dit moet natuurlik uit die omstandighede as enigste redelike moontlike afleiding blyk. In **STAAT v MBULI** *supra* het Nugent A.R. die volgende passasie uit **STAAT v NKOSI** *supra* in hierdie verband met goedkeuring aangehaal. Vergelyk bladsy 115 C – E:

> "The issues which arise in deciding whether the group (and hence the appellant) possessed the guns must be decided with reference to the answer to the question whether the State had established facts from which it can properly be inferred by a Court that:
>
> a) the group had the intention (*animus*) to exercise possession of the guns through the actual detentor and
>
> b) the actual detentors had the intention to hold the guns

> of behalf of the group.
>
> Only if both requirements are fulfilled can there be joint possession involving the group as a whole and the detentors, or common purpose between the members of the group to possess all the guns."

[7] Wat is die omstandighede in hierdie appèl? Die appellant was deel van 'n groep persone wat sedert 'n dag voor hulle arrestasie met drie voertuie saam beweeg het. Op 'n bepaalde tydstip word waargeneem hoe 10 van hierdie persone plastieksakke uit een van die voertuie haal en later weer inlaai. Kort hierna word die drie voertuie voorgekeer. Al die insittendes is van Gauteng. In een van die voertuie word die wapens gevind onder omstandighede wat daarop dui dat dit hierdie wapens is wat vroeër uit- en weer ingelaai was in die voertuig soos voormeld. Die appellant se vingerafdruk word op een van hierdie vuurwapens gevind asook op een van die voertuie. Die appellant poog om hierdie vingerafdrukke met valse getuienis te verduidelik. Ek meen dat dit alles 'n afleiding regverdig dat hierdie 'n klein

arsenaal van vuurwapens was wat bedoel was om deur die betrokkenes gebruik te word in die beplande rooftog. Die persone in die wit bakkie het bygevolg die vuurwapens namens die groep betrokkenes gehou ten einde dit op die gegewe tydstip beskikbaar te stel vir die groep se gebruik om die rooftog te pleeg. ‘n Bedoeling om dié wapens gesamentlik te besit deur elke lid van die groep, is dus bewese.

[8] Die posisie van die R5 geweer en ammunisie wat die onderwerp is van klagtes 7 en 8 is egter anders. Daardie vuurwapen was nie in die plastiese sakke voormeld nie en daar is ook geen getuienis wat aandui dat dit as deel van die ander vuurwapens deur lede van die groep in en uit die wit bakkie gelaai was nie. Trouens, dit is onbekend waar hierdie R5 geweer vandaan kom. Dit skep die moontlikheid dat hierdie vuurwapen deurentyd deur die hanteerder daarvan besit was en nooit deel van die poel van die res van die vuurwapens was nie. Boonop skyn dit dat selfs as aanvaar word dat dit deel was van die poel wapens wat vir gebruik

deur die groep as geheel bestem was, die persoon wat daarmee gevlug het die besit en gebruik daarvan vir homself van die res van die wapens onttrek het, dermate dat dit kunsmatig sou wees om te postuleer dat die res van die groep betrokkenes steeds hierdie R5 vuurwapen en ammunisie besit het. Die appellant se skuldigbevinding aan klagte 7 en 8 was dus foutief.

[9] Die appellant was gevonnis tot 'n totaal van 33 jaar gevangenisstraf. Dit is egter gelas dat dit sodanig gesamentlik uitgedien kan word dat 12 jaar gevangenisstraf uitgedien moet word. Sewe en 'n half jaar is ten aansien van klagtes 6 en 7 opgelê en dit vorm deel van die 33 jaar. Dit hou in dat die landdros beoog het dat ongeveer een derde van die totale gevangenisstraf uitgedien moet word. Die feit dat 7½ jaar van die 33 jaar nou wegval, bring mee dat ten einde uiting te gee aan wat die landdros beoog het, 8½ jaar gevangenisstraf uitgedien moet word.

[10] Bygevolg slaag die appèl dermate dat die skuldigbevindings

en vonnisse opgelê op klagtes 7 en 8 tersyde gestel word. Die res van die skuldigbevindings en opgelegde vonnisse word bekragtig. Dit word gelas dat die opgelegde gevangenisstraf sodanig gesamentlik uitgedien kan word dat die appellant 8½ jaar gevangenisstraf moet uitdien. Dit moet geag word asof hierdie vonnis op 9 Mei 2001 opgelê was.

**C.B. CILLIé, R**

Ek stem saam.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Namens die appellante: Adv. I.J. Bezuidenhout
In opdrag van:
Regshulpraad
BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. C.F. Steyn
In opdrag van:
DOV
BLOEMFONTEIN

/spieterse